Belangrike Besluite deur die Algemene Sinode

Kerkhereniging

1. Die Algemene Sinode bevestig weereens dat ten opsigte van die saak van kerkhereniging dit by vergaderings van Algemene Sinodes **nie meer oor die "of "** (maw die wenslikheid) van kerkhereniging gaan nie, **maar oor die "hoe"** daarvan (maw die beste manier waarop dit bereik kan word). Uitvoerige besluite waardeur die NG Kerk haarself verbind het tot hereniging met die ander drie kerke van die NG Kerk-familie is reeds sedert 1990 by verskillende Algemene Sinodes geneem is. Al die (streek)sinodes het ook duidelike besluite ten gunste van kerkeenheid geneem.
2. Die Algemene Sinode **ondersteun die inisiatiewe wat die Moderamen** sedert Junie 2006 in oorleg met die Moderamens/Sinodale Kommissies/Sinodale Diensrade van al die sinodes asook die Moderamens/ Sinodale Kommissies van die VGKSA, NGKA en die RCA geneem het tot hereniging van die vier kerke in die NG Kerk-familie.
3. Aangesien die proses tussen die vier kerke sodanig gevorder het dat daar iets konkreet op die tafel is, versoek die Algemene Sinode sinodes om die Achterbergh II-dokumente, saam met die besluite van die Algemene Sinode 2004, **aan gemeentes deur te gee vir bespreking en kommentaar**. [*Gemeentes sal teen einde Julie 2007 hierdie dokumente ontvang. Die gesprekke in al die gemeentes in ons sinodale gebied sal gedurende Augustus en September plaasvind sodat verslag gedoen kan word aan ons eie Streeksinode in Oktober by Goudini. Hierdie fase gesprekke in gemeentes is slegs vir konsultasie, bespreking, insette en kommentaar. Daar word nog geen besluite geneem nie. Soortgelyke gesprekke vind gedurende die tweede semester ook in die gemeentes van die ander drie kerke plaas.*]
4. Die Algemene Sinode dra dit verder aan die Moderamen op om, in die lig van die kommentaar en insette van gemeentes asook die besluite van die Algemene Sinode 2004, **verder met die ander drie kerke te onderhandel** oor konkrete voorstelle aan kerkrade/gemeentes van al vier die kerke. Hierdie konkrete voorstelle word, indien moontlik, gedurende die tweede helfte van 2008 deur elke kerk aan kerkrade/gemeentes voorgelê met die oog op hulle goedkeuring. Dit word deur elke kerk gedoen in ooreenstemming met die prosedures wat tans in daardie kerk se Kerkorde/ besluite daarvoor voorgeskryf word

Homoseksualiteit

1. Die Bybel is ons uitgangspunt en in ons nadenke oor homoseksualiteit soek ons eerlik na maniere om die Bybelse waardes betekenisvol binne die konteks te interpreteer.
2. Ons aanvaar die liefde van Christus as die enigste geldige grondhouding waarop verhoudinge binne die geloofsgemeenskap gebaseer word. Alle mense is geskep na die beeld van God; die verlossing in Christus is vir alle mense en die Gees is uitgestort op alle gelowiges. Daarom aanvaar ons die menswaardigheid van alle mense.
3. Alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, is ingesluit in God se liefde en hulle word op grond van hulle doop en geloof as lidmate van die kerk van Christus aanvaar. Onder lidmaatskap word verstaan toegang tot die sakramente, toegang tot die ampte en onderworpenheid aan die kerklike tug.
4. Die Algemene Sinode herbevestig die besluit van 2004 dat, volgens ons verstaan van die Bybel, slegs die verbintenis tussen een man en een vrou as 'n huwelik beskou kan word.
5. Die Algemene Sinode bevestig ook die besluit van 2004 dat sowel heteroseksuele as homoseksuele promiskuïteit ten sterkste veroordeel word.
6. Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig wat ons tans het, homoseksuele verbintenisse en huwelike nie as 'n alternatief vir die huwelik aanvaar kan word nie.
7. Die verlening van predikantsbevoegdheid is 'n funksie van die Algemene Sinode. Die sinode besluit dat homoseksuele gelegitimeerdes wat 'n selibate lewenstyl beoefen tot die predikantsamp toegelaat word.
8. Die Algemene Sinode erken die diskresie van Kerkrade om die verskille oor homoseksualiteit in gemeentes in die gees van Christelike liefde te hanteer.
   [Die sinode het besluit dat hierdie 8 punte as eenheid gelees en verstaan moet word]

Die doop, doopviering en herdoop

'n Verslag is bespreek wat handel oor die betekenis van die doop en oor baie lidmate se behoefte aan een of ander seremonie of handeling [ritueel] waardeur hulle, noudat hulle volwassenes is, hulle doop as kinders kan vier. Streeksinodes [en ander taakgroepe] is gevra om verder na te dink oor toepaslike rituele waardeur gedoopte lidmate van die werklikheid van God in hulle lewe kan getuig. Die uitgangspunt is en moet altyd wees dat die Christelike doop iets eenmalig en onherhaalbaar is. Daarom is die erkenning van my doop [as kind of volwassene] die basis vir deelname aan enige vorm van doopviering.

Die Duiwel

Dit is jammer dat daar soveel wanvoorstellings oor hierdie verslag en gesprek in die media verskyn het. 'n Verslag oor *"Die Geesteswêreld en bevryding"* het voor die sinode gedien. Dit het gehandel oor die bediening van bevryding. Sake wat oa behandel is, is die praktyk van duiweluitdrywing soos dit in sommige kringe beoefen word, allerlei "bindinge" wat in mense se lewens geïdentifiseer word, gebed as geestelike oorlogvoering ens. Wanneer hieroor nagedink word, word noodwendig gevra hoe oor die bestaan van die bose en die duiwel gedink moet word: hoe is in Bybelse tye hieroor gedink en hoe moet ons vandag hieroor dink. Die bedoeling van die verslag was om te vra wat die betekenis van Jesus Christus se oorwinning oor die bose vir al hierdie praktyke is. Die sinode was egter nie gelukkig oor hoe in dele van die verslag oor die werklikheid van die bose en die duiwel gepraat word nie. Daar is besluit dat die verslag terugverwys word vir verdere studie oor die bediening van die bevryding.

Misdaad en geweld

Daar was 'n lang gesprek op die sinode hieroor. Die Algemene Moderamen en ander kerklike strukture gee deurlopend aandag hieraan en praat dikwels, ook in samewerking met die NG Kerkfamilie en ander kerke, met die regering hieroor. Die gesprek is op 'n aangrypende manier afgesluit. As deel van 'n liturgie van gebed en sang, het sinodegangers die geleentheid gekry om die naam van iemand wat hulle ken of geken het wat agv geweld en misdaad gesterf of gely het, op 'n stukkie papier te skryf en agter in die sinodesaal teen die muur te plak. Lang toue afgevaardigdes het gewag om honderde name in stilte op die "klaagmuur" te plak.
Voor hierdie afsluitingsliturgie het die sinode duidelike besluite geneem oor oa meelewing met die slagoffers van geweld; 'n verbintenis om alles in sy vermoë te doen om by te dra tot genesing van die samelewing; 'n pleidooi aan lidmate om na mekaar se welstand om te sien, onder meer deur by gemeenskapsinisiatiewe betrokke te raak; 'n pleidooi aan die regering om in hierdie verband sy verantwoordelikheid na te kom en die land en sy mense in hierdie opsig nie in die steek te laat nie.

Wie is ons as Gereformeerde kerk en wat is ons roeping

'n Baie goeie verslag hieroor het voor die sinode gedien en streeksinodes is gevra om te sorg dat dit by gemeentes uitkom sodat lidmate daaroor kan gesels. Dit handel oor sake soos: waar pas ons in binne die groter wêreldprentjie van die Christendom; wat is die aksentverskille tussen bv die Katolieke, Ortodokse, Pentekostalistiese en Gereformeerde tradisies; wat is die sake waaroor ons, as Gereformeerdes, regtig sterk voel en in die hart lê van ons verstaan van die Evangelie. *[Hierdie verslag is by alle kerkkantore en predikante beskikbaar]* Met die oog op 2010 is daar ook besluit dat daar 'n *Seisoen van Evangelisasie* uitgeroep sal word. Gemeentes is versoek om ernstig oor die implikasies van nuwe gemeente-ontwikkeling en van gestuurde gemeente-wees binne hulle eie konteks te besin.

Ander belangrike sake

Ander sake waaroor die sinode gesprek gevoer en besluite geneem het, is onder andere: grondhervorming; die kerk se publieke getuienis; die situasie in Zimbabwe; geweld teen vroue en kinders; ekonomiese geregtigheid; verpligte verdere bedieningsopleiding vir predikante ens.

Saamgestel deur Hannes Koornhof [Voorsitter van die Moderamen]